dat die Vrystaat dalk nie so onaardig is nie.)

Daar is twee pupille wat besig is om hulself voor te berei vir die Balie-eksamen later in die jaar. Seef Hefer en Willem Edeling is as hul mentors aangewys.

### Regbank

Gedurende die derde termyn het twee van ons lede, naamlik Hokkie Schreuder en Corne van Zyl, waargeneem as regters in die Vrystaatse Provinsiale Afdeling. Shyam Ghyanda SC van die Durbanse Balie het ook 'n waarnemende aanstelling hier beklee.

### Algemeen

Dit is met afgryse dat kennis geneem word van toenemende gesprekke rondom voorstelle om die Appèlhof te verskuif en te laat saamsmelt met die Konstitusionele Hof. Dit beteken dat die Vrystaat ontneem sal word van die voorreg om een van die kerninstellings van die Suid-Afrikaanse regstelsel te huisves. Die Appèlhof en alles wat daarmee saamgaan, het deur die jare 'n onlosmaaklike deel van Bloemfontein gevorm. Dit is gevolglik nie net regspraktisyns wat met beklemde harte die voorgestelde verwikkelinge dophou nie.

## North-West

*Contributed by John Stander*

### Membership

During the period under review, two of our members, Boikanyo and Mothibe, due to personal circumstances, have left our Association. However, we are due to be joined by Nadia Gutta who passed her pupilship with flying colours at the beginning of September.

### Bar Council for the current year

The new Bar Council is:

chairman: LCJ Maree SC; deputy chairman: RD Hendricks; honorary secretary: JS Stander.

### Acting appointments

H Lever SC is acting in Botswana.

### General

Our Association is looking forward to a pending visit by the Minister for Justice and Constitutional Affairs, Dr Penuell Maduna, concerning the establishment of the seat of the High Court here at Mafikeng. We are confident that when the High Court is established here, there will be a considerable boost for the legal profession in this area.

## Noord-Kaap

*Bygedra deur Japie Schreuder, Kimberley*

### Waarnemende regters

Sedert die begin van die nuwe termyn neem Ben van den Heever SC waar as regter. Soos voorheen is dit vir praktisyns baie aangenaam om voor hom te verskyn.

### Sosiaal

Op 9 Junie is die jaarlikse regsdinee gehou. Teenwoordig was regters van die Noord-Kaap, lede van die Balie en prokureursprofessie asook gaste. Onder laasgenoemde was daar: die Direkteur: Openbare Vervolgings, die Griffier van die Hooggeregshof en die Meester van die Hooggeregshof. In sy toespraak het regter-president Steenkamp veral klem gelê op die noodsaak vir nouer skakeling tussen regslui sodat sake vinniger afgehandel kan word. Hy het onder andere daarop gewys dat die publiek nie kan verstaan waarom sake in sekere gevalle jare neem om af te handel nie. Getuies word dan ook dikwels verkwalik as hulle nie fyner besonderhede van 'n saak kan onthou nie. Die aand se verrigtinge is deur elkeen wat teenwoordig was, besonder geniet.

### Regshulp

Oor die algemeen kan gesê word dat daar 'n verbetering was met die betaling van rekeninge. Hoewel daar nog uitstaande gevalle is, wil dit voorkom of regter Navsa 'n groot bydra gelewer het om die situasie te verbeter.

## Grahamstown

*Contributed by Izak Smuts SC*

### Pupils

At the commencement of the third term, Bevan Boswell, who successfully completed his pupillage in the first half-year, commenced practice in chambers. Carlyn Easterbrook Penswick who had recently joined the Bar, left for personal reasons. Charles Stamper and Mashuni Mnyamana have commençed pupillage in Grahamstown.

### Acting judge

Richard Quinn SC will serve as acting judge during the third term.

## Pretoria

*Bygedra deur Henk Havenga*

The 2000s started on a high note for the Pretoria Bar with the 55th AGM of the GCB being held in Pretoria. The dinner held in honour of Sir Sydney and Lady Kentridge QC was a particular highlight. Mr Nelson Mandela, the guest speaker, paid tribute at the dinner to the late Chief Justice Ismail Mahomed, the first recipient of the Sydney and Felicia Kentridge award. The guest list read like a who's who of the legal profession and the dinner was a huge success.

### Waarnemende aanstellings

Die volgende lede van hierdie Balie het gedurende die afgelope termyn waargeneem as regters:

BC van den Heever SC, GL Grobler SC, LI Vorster SC, JPJ du Plessis SC, FH Terblanche SC, DS Fourie SC.

### Pupille

Die Pretoria Balie het 'n bevredigende slaagsyfer gehad en elf van die 17 pupille wat die eksamen afgelê het, het dit geslaag en by die Balie aangesluit. Die inname in Julie 2000 het 21 nuwe pupille opgelewer.

### Regbank

Die Pretoria Balie is verder trots op die feit dat een

voormalige lid, regter DA Basson, en sewe senior lede van hierdie Balie op die kortlys is vir onderhoude vir die elf vakatures op die TPD regbank.

### Sosiale nuus

Etlike van ons lede sterk aan na onverwagse siekte, waaronder Neser SC, Hopf en Prinsen en hulle word spoedige beterskap toegewens.

Op die sosiale front gaan dit goed met ons lede en verskeie lede het die Julie-reses gebruik om interessante vakansies te onderneem. Leon Bekker en De Wet Marais het byvoorbeeld per fiets gedeeltes van die Tour de France se roete beproef, Fabricius SC het onder meer Capri, Ischia, Positano en Ravello besoek en French Bezuidenhout het die Iere beïndruk met sy gholfvernuf. Volgens alle gerugte het Ferdi Birkholtz suksesvol die Pamplona bulle vermy tydens sy vakansie in Spanje.

Hans Fabricius SC writes: "I visited Italy again, noted that the 2000 year old Ponte Fabricio was still firmly in place (whilst the Injaka bridge, Bosbokrand, collapsed and the enquiry is in its second year), and then discovered the island Panza. This is a two-hour trip by hydro-foil jet from Ischia, and is a beautiful destination ideal for divers, snorkelling and sailing. It has reasonably priced hotels and all the facilities for yachts and motor boats. Except over weekends in peak season, it is quiet. It is always romantic.

"There are no shops for the rich and no golf courses. This has positive implications. The other almost undiscovered islands by South Africans are the Aeolians, north of Sicily: Lipari, Panarea, Salina, and Stromboli with its active volcano. Interested colleagues can contact me."

[*Advocate* would welcome notes about other interesting destinations. – Editor]

## Aan medewerkers

Lesers word uitgenooi om artikels en briewe aan die redakteur vir publikasie in *Advocate* te stuur. Die tydskrif se hoofstrewe is om nuwe gesigspunte aangaande die regsberoepe, regshervorming en die regsbedeling in die algemeen na vore te bring en gedagtewisseling daaroor te stimuleer.

'n Bydrae word vir publikasie oorweeg met dien verstande dat die redakteur dit aan die redaksiekomitee voorlê vir evaluering, en die manuskrip ter wille van stilistiese konsekwensie, helderheid, taalkundige juistheid, samehang of letterkundige sierlikheid mag verander.

Dit word aanvaar dat die bydraes oorspronklik is en nie ook elders voorgelê word vir publikasie nie.

## Johannesburg

*Contributed by Gail Sidwell*

### Legal aid: electronic paypoint



*On 18 August 2000 an informal ceremony was held in the boardroom of the Johannesburg Bar to launch the new electronic system of payment of accounts for Legal Aid work. Present at the ceremony were the Minister of Justice, Dr Penuell Maduna (centre), the chairman of the Legal Aid Board, Judge Mohamed Navsa (left), the chairman of the Johannesburg Bar Council, Nazeer Cassim SC (right). The ceremony was also attended by representatives and members of the board, the General Council of the Bar and the Johannesburg Bar.*

Under the new system of payment accounts are submitted to the Johannesburg office of the board, which processes them expeditiously through the head office in Pretoria, so that practitioners are paid within one week of the submission of their accounts. At the ceremony the first of such cheques were presented to members of the Johannesburg Bar. At present the system is only in operation in Johannesburg, but Judge Navsa stated that it was to be extended to other centres, starting with Durban in the near future.

The Minister in his address expressed his appreciation for the effort put in by Judge Navsa in tackling the difficult task of re-ordering and updating the administration of the board. Minister Maduna confirmed his commitment to the provision of legal aid to the indigent by the State. Judge Navsa said that the administration of the board and its financial status had so improved that an increase in fees next year was anticipated.

Among those attending the ceremony who have consistently contributed to assist the board in its work were Roland Sutherland SC and Halima Saldulker of the GCB, Paul Pretorius SC and Mrs Ina Mundell of the Johannesburg Bar, and Philippa Kruger of the board.